HOOFSTUK 4

VOORTGESETTE ONDERWYS AAN ENKELE BUITELANDSE UNIVERSITEITE

4.1 INLEIDING

Alhoewel die begrip voortgesette onderwys 'n wye reeks volwasse onderwysgeleenthede insluit, word dit in toenemende mate deur universiteite gebruik om krediet*- en nie-krediet*-kursusse, lesings, seminare, konferensies, forums, werkswinkels en ander soortgelyke geleenthede aan te dui.

Dit is onderwysgeleenthede waar die sakeman 'n oplossing vir sy probleme kan kry; die huisvrou moontlik opleiding vir 'n beroep kan ontvang; 'n prokureur kennis kan neem van die nuutste ontwikkelinge op sy vakgebied en ander professiebeoefenaars periodiek her-opgelei kan word.

Die universiteit voorsien deur middel van sy voortgesette onderwysprogram in hierdie en vele ander behoeftes na kennis, selfontwikkeling en loopbaanontwikkeling.

In 'n oorsig van voortgesette onderwys aan buitelandse universiteite is begripshantering en -vertolking een van die probleme wat oorkom moet word. Alhoewel meestal in wese voortgesette onderwys bedoel of geïmpliseer

---

*Krediet (-kursus) beteken 'n tegemoetkoming in die vorm van "afslag", korting of erkenning by die oorgang van 'n student vanaf nie-formele onderwys (voortgesette onderwys) na formele graad- of diplomastudie, en kan (byvoorbeeld) die vorm van 'n verkorte kursusduur, vrystelling van klasbywoning of vrystelling van eksamen, aanneem - JBE.
Nie-krediet (-kursus) beteken presies die teendeel, met ander woorde die kursusganger kry benewens 'n bywoningsertifikaat, nie ander erkenning vir suksesvolle bywoning van 'n nie-formele onderwyskursus indien hy oorgaan na 'n formele onderwyskursus nie - JBE.

word, word 'n velerlei van terme daarvoor gebruik, naamlik (onder meer) "adult education", "university extension", "extra mural" en "community education". Soms word voortgesette onderwys as 'n "onderdeel" of aspek van een van die begrippe gebruik, byvoorbeeld as 'n aspek van volwasse onderwys en is voortgesette onderwys in dié geval 'n wyse om volwasse onderwys te voorsien. Voorts word voortgesette onderwys ook as 'n metode om gemeenskapsonderwys te bevorder, gesien.

Benewens begripshantering blyk dit voorts uit die oorsig van voortgesette onderwys in oorsese lande dat in sommige lande in Asië en Afrika van owerheidsweë 'n hoë premie op geletterdheid en landelike ontwikkeling geplaas word en dat alle nie-formele onderwysaktiwiteite wesenlik hierom gaan. Die begrippe voortdurende of herhalende of voortgesette onderwys word alhier bykans nie gebruik nie. Indien die begrip voortgesette onder= wys wel gebruik word, verwys dit na hoëvlak opknappingskursusse " ... for the already well educated ..." (vergelyk ook paragraaf 4.2.4.2), en word hoofsaaklik kursusse wat tegnies van aard is bedoel. Van voortge= sette onderwys in die vorm van algemeen-vormende of kultuurverrykende programme wat deur universiteite aangebied word, is daar geen aanduiding nie (vergelyk Charters, 1977:20-25 en 49-57).

Ten opsigte van voortgesette onderwys in ontwikkelde en ontwikkelende lande blyk dit dat voortgesette onderwys deur verskillende instansies in verskeie variasies aangebied word (kyk ook paragraaf 2.2). Vir die doel van hierdie navorsing word egter slegs na voortgesette onderwys wat deur universiteite aangebied word, verwys. Die motivering waarom juis dié spesifieke lande en universiteite wat in hierdie hoofstuk vermeld is (kyk paragraaf 4.2) as voorbeelde geselekteer is, is onder meer in die volgende geleë:

* die voortgesette onderwys word op nasionale en plaaslike vlak aangebied (byvoorbeeld: Australian National University);
* 'n unieke vorm van voortgesette onderwys word aangebied, byvoorbeeld voortgesette onderwys deur middel van oudio- en video-kasette benewens konvensionele voortgesette onderwyskursusse aan die univer= siteit self (byvoorbeeld: University of New South Wales, Australië); òf voortgesette onderwys word deur middel van korrespondensie-

onderrig benewens die konvensionele kursusse aan die universiteit self, aangebied (byvoorbeeld: University of Toronto);

* die omvang van die voortgesette onderwys enersyds, en andersyds die feit dat dit deur 'n fakulteit ("Faculty of Extension") aangebied word (byvoorbeeld: University of Alberta, Kanada);

* die voortgesette onderwys wat aan 'n Christelike universiteit aangebied word, enersyds, en andersyds dat elke fakulteit self verantwoordelik is vir die aanbieding van voortgesette onderwyskursusse en daar derhalwe nie 'n sentrale voortgesette onderwyseenheid is wat die volle spektrum, dit wil sê professionele opleiding en algemeenvormende kursusse, dek nie (byvoorbeeld: Queen's University, Ontario, Kanada);

* benewens voortgesette onderwys binne die raamwerk van indiensopleiding, heropleiding of opknappingskursusse vir die professiebeoefenaar, dit wil sê korttermynkursusse, ook graadkursusse deur die voortgesette onderwyseenheid deur middel van verlengde onderrig aangebied word (byvoorbeeld: Indiana University, Bloomington, VSA).

Hierbenewens is die volgende aspekte ook in ag geneem by die keuse van spesifieke universiteite:

* benewens die aanbied van voortgesette onderwyskursusse doen die bepaalde eenheid ook navorsing oor voortgesette onderwys (byvoorbeeld: Australian National University; Queen's University, Kanada);

* dat spesiale voortgesette onderwyskursusse vir bejaardes aangebied word (byvoorbeeld: Harvard University).

By die oorsig oor voortgesette onderwys aan buitelandse universiteite is die feit dat die universiteit 'n taak het om voortgesette onderwys te voorsien (kyk paragraaf 3.5) en ook die feit dat 'n stelsel van voortgesette onderwys aan bepaalde aspekte getoets moet kan word (kyk paragraaf 2.10) ook in ag geneem.

Ter wille van sinvolle vergelyking is ook melding gemaak van die onder= skeie aanbiedingswyses van voortgesette onderwys, waaronder die "konven= sionele" kursus (byvoorbeeld: lesing, bespreking, voordrag, forum, werks= winkel), radio- en televisiekursusse en uitstappies na gedenk- en besiens= waardighede.

4.2 VOORBEELDE VAN VOORTGESETTE ONDERWYS AAN ENKELE BUITELANDSE UNIVERSI= TEITE

4.2.1 Australië

4.2.1.1 Australian National University

4.2.1.1.1 Inleidende oorsig en doel met voortgesette onderwys

Voortgesette onderwys aan die universiteit word deur die *Centre for Con= tinuing Education* aangebied. Die voortgesette onderwysaktiwiteite aan hierdie universiteit kan hoofsaaklik in drie afdelings onderskei word, naamlik:

* voortgesette onderwys op nasionale vlak;
* voortgesette onderwys op plaaslike vlak en
* navorsing oor voortgesette onderwys.

Die *Centre for Continuing Education* bied aan die inwoners van Canberra en van Australië in geheel, benewens graad- en diplomastudies ook voortge= sette onderwysprogramme by wyse van konferensies en seminare oor nasionale en internasionale aangeleenthede, opknappingskursusse vir professiebeoe= fenaars en ander voortgesette onderwysprogramme op plaaslike vlak (Austra= lian National University, 1984:9).

'n Derde onderskeibare afdeling van die werksaamhede van die *Centre for Continuing Education* is navorsing oor voortgesette onderwys (Australian National University, 1984:9-14).

4.2.1.1.2 Die struktuur en beheer van die *Centre for Continuing Education* (Hierna die *Centre* genoem)

Die *Centre* staan onder beheer van die universiteit se *Committee on Public Affairs and Continuing Education* (COPACE). Dié komitee is onder die voor=sitterskap van die Assistent-Vise-Kanselier en bestaan voorts uit 20 lede wat soos volg saamgestel is: 1 verteenwoordiger van die Inligtings=afdeling van die universiteit; 5 senior personeellede van die *Centre* en die res is fakulteitsverteenwoordigers (Australian National University, 1984:1).

Die personeel van die *Centre* bestaan uit 12 akademiese personeellede, naamlik 'n direkteur, 'n adjunk-direkteur, 2 senior lektore, 2 lektore, gewoonlik 6 besoekende lektore (byvoorbeeld uit Brittanje, Nederland en die VSA), en ongeveer 20 administratiewe personeel (Australian National University, 1984:1-4).

4.2.1.1.3 Finansiering van die *Centre* (personeel)

Die akademiese personeel word deur die universiteit bekostig en die sala=risse van die administratiewe personeel word uit kursusinkomste gedek (Australian National University, 1984:5).

4.2.1.1.4 Voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse

* Nasionale voortgesette onderwys

  * Konferensies
    Met die daarstelling van die *Committee on Public Affairs and Con=tinuing Education* het die *Centre* volle verantwoordelikheid vir die administrasie, organisasie en aanbieding van konferensies oor aangeleenthede van nasionale belang aanvaar (Australian National University, 1984:9).

    Drie nasionale konferensies is in 1983 gehou en is gesamentlik deur 720 persone bygewoon, naamlik:

    * *Die gevolge en voorkoming van 'n kernoorlog:* 400 konferensie=gangers;

* *'n Wetenskapsbeleid: wie baat daarby?:* 180 deelnemers;

* *Die Aborigines en Nasionale Wetgewing:* 140 deelnemers.

Hierbenewens is daar ook op nasionale basis verskeie kort kursusse aangebied (Australian National University, 1984:10-11):

* Taalkursusse
  - Arabies: 13 kursusgangers;
  - Sjinees· 22 kursusgangers;
  - Japanees: 42 kursusgangers;
  - Spaans: 12 kursusgangers;
* Opknappingskursusse vir onderwysers in skoolvakke;
* Kursusse vir lede van die Australiese Staatsdiens:
  - 11 kort kursusse gedurende 1983 aangebied met 'n gemiddelde bywoning van 30 persone per kursus (Australian National University, 1984:12).

* Plaaslike voortgesette onderwyskursusse

Gedurende 1983 is 73 kursusse aangebied wat deur 1490 kursusgangers bygewoon is. Die verhouding dames teenoor mans is 2:1. Die rede hiervoor is volgens die jaarverslag (1984:14) nie duidelik nie, maar kan moontlik geleë wees in die feit dat minder kursusse as voorheen spesifiek op mans gerig was.

Vir plaaslike voortgesette onderwys bestaan daar geen spesifieke toelatingsvereistes nie en ook nie eksaminering na afloop van die kursus nie.

Die plaaslike voortgesette onderwysprogram beoog om die universiteit se kennis en kundighede aan die plaaslilke gemeenskap beskikbaar te stel. Die programme/kursusse is algemeenvormend van aard, dra kennis oor en is nie (noodwendig) op verdere studie gerig nie ofskoon dit moontlik is (Australian National University, 1984: 13).

In die 1983-jaarverslag (Australian National University, 1984:13) vermeld die Direkteur dat die 1983-programme "... showed a reasonable balance of courses from the main areas of the University's expertise ...", maar dat sommige vakrigtings swak verteenwoordig was. Die belangrikste rede hiervoor is die oënskynlike onwilligheid van dosente om benewens hulle onderrigtaak ook by voortgesette onderwysprogramme, wat saans aangebied word, betrokke te wees. 'n Rede vir hierdie onwilligheid van sekere dosente, aldus die verslag (Australian National University, 1984:13) is onder meer 'n tekort aan personeel as gevolg van swak ekonomiese toestande waardeur die universiteit ook geraak word.

Gedurende 1983 is kursusse in sewe hoofgroepe aangebied (Australian National University, 1984:29-33) en word die volgende voorbeelde ter illustrasie vermeld:

* Kunste en Menswetenskappe
  - *The Excitement of Writing:* 4 sessies van 2 uur elk;
  - *Musiek vir beginners:* 12 sessies van 2 uur elk;
  - *Kinderlektuur*: 15 sessies van 2 uur elk en slegs deur 21 dames bygewoon.
* Geskiedenis
  - *Australiese legendes:* 8 sessies van 2 uur elk;
  - *Die geskiedenis van moderne Sjina:* 13 sessies van 2 uur elk;
* Persoonlikheidsontwikkeling
  - *Die krisis van die middeljarige:* 3 sessies van 2 uur elk;
  - *Handhawing en onderhandeling:* 2 sessies van 2 uur elk en oor twee naweke.
* Sosiale wetenskap
  - *Die werkwyse van die Australiese Regering:* 8 sessies van 2 uur elk;

- *Australiese ekonomie:* 26 sessies van 2 uur elk;
- *Inleiding tot die politiek:* 26 sessies van 2 uur elk;
- *Die Midde-Ooste:* 8 sessies van 2 uur elk.

* Natuurwetenskap
  - *Grondwater as hulpbron:* 10 sessies van 2 uur elk;
  - *Sterrekunde vir die amateur:* 9 sessies van 2 uur elk.
* Beroepsgerigte kursusse
  - *Rekenaargebruik: Beginnerskursus:* 10 sessies van 2 uur elk;
  - *Opknappingswiskunde:* 10 sessies van 2 uur elk.
* Algemeen-wetenswaardig
  - *Tuinuitleg:* 8 sessies van 2 uur elk;
  - *Energiebesparing in die huis:* 5 sessies van 2 uur elk;
  - *Bybelse Hebreeus:* 25 sessies van 2 uur elk.

* Navorsing oor en opleiding in voortgesette onderwys

Volgens die jaarverslag van die *Centre* (Australian National University, 1984:17-19) word navorsing oor voortgesette onderwys deur die akademiese personeel van die *Centre* gedoen. Na aanleiding van hierdie navorsing bied die *Centre* aan onder meer verskeie organisasies, verenigings, staatsdepartemente, die handel en nywerheid, vakunies en onderwysinstellings 'n adviesdiens oor voortgesette onderwys. Hierdie diens word ook aan buitelandse instansies verskaf. Gedurende die afgelope vier jaar het meer as 60 persone wat by voortgesette onderwysaktiwiteite in Asië betrokke is deur bemiddeling van die Kellogg Fellowship Programme praktiese werkswinkels oor voortgesette onderwys by die *Centre* bygewoon.

Benewens navorsing en 'n adviesdiens bied die *Centre* ook nagraadse studiegeleenthede op magister- en doktorale vlak in voortgesette onderwys.

Die volgende is voorbeelde van navorsingswerk wat die *Centre* onderneem en waaraan gegradueerde studente kan deelneem:

* die filosofie, organisasie, teorie en praktyk van voortgesette onderwys in Australië en vergelykbare lande;
* nie-formele onderwys in Derdewêreldlande;
* voortdurende onderwys;
* "leisure and education";
* kursus- en konferensie-ontwerp en -bestuur (Australian National University, 1984:17-19).

4.2.1.2 University of New South Wales

4.2.1.2.1 Inleidende oorsig; doel met voortgesette onderwys

Voortgesette onderwys word sedert 1960 onder die naam *Continuing Education Activities* aan dié universiteit aangebied. Die aanbiedings word deur vier afdelings behartig, naamlik:

* *Postgraduate Extension Studies* deur middel van die *Continuing Education Casette Service*.
* Die *Institute of Administration* wat kursusse in administrasie vir uitvoerende beamptes in die handel, nywerheid en openbare sektore aanbied.
* Die *Committee on Postgraduate Medical Education* wat opknappingskursusse vir medici en para-medici aanbied.
* Die *Australian Graduate School of Management* wat 'n wye spektrum bestuurskursusse vir bestuurslui aanbied (University of New South Wales, 1984:2).

As gevolg van die unieke aard van die *Continuing Education Casette Service* sal verdere aandag aan dié afdeling van voortgesette onderwys van die University of New South Wales gegee word (kyk paragraaf 4.2.1.2.3).

4.2.1.2.2 Die struktuur van die Sentrum

Die vier afdelings vir voortgesette onderwys word deur die *Professional Board on Continuing Education* beheer.

Elke afdeling het 'n Direkteur as uitvoerende hoof (University of New South Wales, 1984:2).

4.2.1.2.3 *Continuing Education Cassette Service*

Voortgesette onderwys deur middel van oudio- en video-kasette maak dit vir persone wat om een of ander rede nie 'n kursus aan die universiteit kan bywoon nie, moontlik om "... up to date information on a broad range of subjects ..." te bekom (University of New South Wales, 1984(a):1).

Die kursusse wat aanvanklik ontwerp is om deur die universiteit se opvoedkundige radiosender uitgesaai te word, maar nou in kassetvorm beskikbaar is, bied aan die professiebeoefenaar geleentheid om nuwe inligting te bekom (dit wil sê indiensopleidingsprogramme en opknappingskursusse), en voorsien in die onderwysbehoefte van die algemene publiek (dit wil sê algemeenvormende en kultuurverrykende programme).

Gedurende 1983 is 93 kursusse in 18 vakrigtings aangebied (New South Wales, 1984:15). Die volgende voorbeelde dien ter illustrasie van die omvang en verskeidenheid van die kursusse (New South Wales, 1984(a):5-17):

* Kommunikasie
  - *Oudio- en video-kasette: Effektiewer kommunikasie vir die professiebeoefenaar.*
* Rekenaarwese
  - *Kursusse in die rekenaartale COBOL, FORTRAN, BASIC EN PASCAL;*
  - *'n Rekenaarstelsel vir die kleinsakeman.*
* Onderwys
  - *Kommunikasie in die onderwys;*
  - *Leerprobleme.*
* Regte
  - *Kopieregwetgewing;*
  - *Persoonlike aanspreeklikheid;*
  - *Belastingwetgewing.*

* Para-medies
  - *Opknappingskursusse vir verpleegkundiges en aptekers.*
* Tegnologie
  - *Olierafinadery: strategie en tegnologie;*
  - *Sintetiese brandstowwe.*

4.2.1.3 Samevatting

Uit die oorsig van voortgesette onderwysaktiwiteite aan die twee Australiese universiteite blyk dit dat die universiteite die noodsaak van voortgesette onderwys besef deurdat vir die volle spektrum van voortgesette onderwys voorsiening gemaak word. Deur middel van konferensies en kursusse op nasionale vlak word enersyds voorsien in die behoefte aan kennis oor aktualiteite van die dag (byvoorbeeld: "Die gevolge en voorkoming van 'n kernoorlog"), en word andersyds aan die professiebeoefenaar indiensopleidings- en kennisopknappingsgeleenthede gebied (byvoorbeeld: opknappingskursusse vir onderwysers). Voorts word op plaaslike vlak deur middel van 'n wye reeks kort algemeenvormende en kultuurverrykende kursusse voorsien in die voortgesette onderwysbehoefte van die gemeenskap.

Deur middel van 'n unieke oudio- en video-kassetdiens word die professiebeoefenaar, vir wie dit nie moontlik is om 'n kursus aan die universiteit by te woon nie, die geleentheid gebied om voortdurend op die hoogte te bly met nuwere ontwikkelinge op sy vakgebied.

4.2.2 Kanada

4.2.2.1 University of Toronto

4.2.2.1.1 Inleidende oorsig

Voortgesette onderwys word aan die universiteit deur die *School of Continuing Studies* aangebied.

In 1894 het die Senaat van dié universiteit besluit dat benewens "gewone universiteitsonderrig" daar ook vir buite-kurrikulêre onderrig voorsie= ning gemaak moet word. In 1920 is 'n afsonderlike departement vir hierdie buite-kurrikulêre onderrig daargestel en het deelname van die gemeenskap aan voortgesette onderwysaktiwiteite snel toegeneem. Op hierdie wyse is die kennis, kundighede en bronne van die universiteit tot die beskik= king van die gemeenskap gestel (University of Toronto, 1984:7).

Tydens 'n reorganisasie in 1974 het die huidige *School of Continuing Stu= dies* sy beslag gekry. Die doel is gestel om kursusse en studiegeleent= hede eerder op grond van die intrinsieke waarde daarvan, as om krediete (kyk paragraaf 4.1) vir universiteitstudies daarmee te verwerf, aan te bied (University of Toronto, 1984:7).

4.2.2.1.2 Die struktuur en beheer van die *School of Continuing Studies*

Die *School of Continuing Studies* word deur 'n raad, wat verteenwoordi= gers van die universiteit sowel as lede uit die gemeenskap insluit, beheer.

Die personeel van die *School* bestaan uit 2 akademiese personeellede, naamlik 'n direkteur en 'n assistent-direkteur en voorts uit 9 administra= tiewe personeellede (University of Toronto, 1984:7).

4.2.2.1.3 Die finansiering van die *School* en ander finansiële aange= leenthede

Die *School* is selfonderhoudend en word uit kursusgelde en ad hoc-borg= skappe gefinansieer.

Kursusgangers se onderriggeld is aftrekbaar vir persoonlike inkomstebe= lastingdoeleindes. Deur dié afslag kan tot 50 persent van die onderrig= gelde herwin word.

Aan senior burgers (persone van 65 jaar en ouer) word 'n afslag van tot 50 persent op kursusgelde toegestaan (University of Toronto, 1984:7-8).

4.2.2.1.4 Toelatingsvereistes vir voortgesette onderwyskursusse

Enige volwassene (gekwalifiseer as 18 jaar en ouer) mag vir enige kursus registreer. Daar is geen formele akademiese voorvereistes vir bywoning van enige kursus nie.

4.2.2.1.5 Voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse

Binne die raamwerk van indiensopleiding, opknappingskursusse en algemeen= vormende programme, kan die kursusse in 4 hoofgroepe ingedeel word, en dié weer in sub-hoofgroepe en groepe, naamlik:

* Algemene studies
  Sub-hoofgroepe:
  - *Kuns en argitektuur;*
  - *Rekenaar- en inligtingstelsels;*
  - *Geskiedenis, Antropologie en Argeologie;*
  - *Onderwys;*
  - *Letterkunde, Drama en Rolprentwese;*
  - *Musiek;*
  - *Filosofie en Godsdiens;*
  - *Wetenskap;*
  - *Gedragswetenskap;*
  - *Sosiale wetenskap;*
  - *Skryfkuns en Kommunikasie.*

Binne hierdie sub-groepe word 125 kursusse aangebied (University of To= ronto, 1984:11-40).

* Tale
  Sub-hoofgroepe:
  - *Engels as Tweede Taal;*
  - *Frans;*
  - *Ander tale* (byvoorbeeld *Arabies, Kantonees, Sjinees, Hongaars, Italiaans, Spaans* en *Latyn).*

Binne hierdie sub-groepe word 90 kursusse aangebied (University of Toron= to, 1984:40-54).

* Maatskaplike werk en Geesteswetenskappe
  Sub-hoofgroepe:
  - *Huwelik- en gesinslewe;*
  - *Die administrasie van gemeenskapsdienste;*
  - *Interpersoonlike verhoudings* (University of Toronto, 1984:55-59).

In medewerking met die *Ontario Association for Marriage and Family Therapy* (OAMFT) word 'n diplomakursus vir praktiserende maatskaplike werkers aangebied. Daar dien op die toelatingsvereistes vir die diplomakursus gelet te word, naamlik ten minste 'n Magistergraad of die ekwivalent daarvan.

Benewens hierdie kursus word 'n verdere 26 kursusse binne die sub-groep aangebied (University of Toronto, 1984:59).

* Administrasie
  Sub-hoofgroepe:
  - *Rekeningkunde;*
  - *Administrasie en bestuur;*
  - *Kommunikasie in sakeondernemings;*
  - *Ekonomie;*
  - *Versekeringswese;*
  - *Internasionale handel;*
  - *Beleggingsbestuur;*
  - *Belasting;*
  - *Bemarking en openbare betrekkinge;*
  - *Personeelbestuur.*

Binne die sub-groepe word 61 kursusse aangebied (University of Toronto, 1984:61). Benewens hierdie kursusse bied die *School* ook in medewerking met 'n aantal ander instansies, byvoorbeeld beroepsverenigings, verskeie indiensopleidingskursusse aan. Die volgende voorbeelde word ter illustrasie vermeld:

* *Association of Administrative Assistants* (die sogenaamde QAA-programme word aangebied). Die doel met die kursus is om sake-administrasie te standardiseer en op te gradeer;

* *Personnel Association of Ontario*
  'n Personeelbestuurskursus word vir praktisyns aangebied.
* *Institute of Chartered Secretaries and Administrators*
  'n Kursus vir geoktroieerde sekretarisse (University of Toronto, 1984:67).

4.2.2.1.6 Voortgesette onderwys deur korrespondensie

Die *Independent Study Programme* van die *School of Continuing Studies* bied verskeie geleenthede in algemeenvormende en kultuurverrykende kursusse vir tuisstudie aan. Die kursusse is deur direkte registrasie by die *School* of deur registrasie deur middel van organisasies wat kursusse borg, byvoorbeeld werkgewers en beroepsverenigings, beskikbaar. Voorbeelde van sodanige instansies is onder meer die volgende: *Association of Administrative Assistants; Canadian Credit Institute; Institute of Canadian Bankers* (University of Toronto, 1984:84).

Voorbeelde van kursusse wat onder dié bedeling gevolg kan word is onder meer: *Rekeningkunde; Administrasie; Statistiek; Regskursusse; Kredietbestuur; Engels; Menseverhoudings; Handel-, geld- en bankwese; Belastingwese.*

4.2.2.1.7 Voortgesette onderwys aan fakulteite van die University of Toronto aangebied

Benewens die wye verskeidenheid voortgesette onderwyskursusse wat deur die *School of Continuing Studies* aangebied word, administreer verskeie fakulteite ook voortgesette onderwyskursusse wat onafhanklik van die *School* aangebied word. Hierdie kursusse is uitsluitlik indiensopleiding vir professiebeoefenaars en die volgende word ter illustrasie vermeld:

* fakulteit Ingenieurswese (aandklasse en korrespondensiekursusse);
* fakulteit Argitektuur (werkswinkels vir argitekte oor nuwere ontwikkelings op die vakgebied);
* fakulteit Opvoedkunde (opgraderingskursusse);
* fakulteit Biblioteekwese en Inligtingsdiens (werkswinkels oor nuwe praktyke);

* fakulteit Bestuurswese (verskeie programme vir nie-graaddoelein=des);
* fakulteit Medisyne (verskeie opknappingskursusse (University of Toronto, 1984:91).

4.2.2.2 University of Alberta

4.2.2.2.1 Inleidende oorsig

Alle voortgesette onderwysaktiwiteite aan dié universiteit word deur die *Faculty of Extension* behartig (University of Alberta, 1982:2-3). Om twee redes word hierdie universiteit se voortgesette onderwys onder die loep geneem, naamlik vanweë die omvang daarvan en omdat dit 'n goeie voorbeeld bied van voortgesette onderwys wat deur 'n fakulteit *(of Extension)* behartig word.

4.2.2.2.2 Die beheer en struktuur van die *Faculty of Extension*

Veertien advieskomitees, wat uit universiteitspersoneel, die handel, nywerheid, openbare en private sektore saamgestel is, is die fakulteit behulpsaam met behoeftebepalings en die inisiëring van opleidingsgeleent=hede (University of Alberta, 1982:33-42).

Die personeel van die *Faculty of Extension* bestaan uit die volgende vol=tydse personeel: dekaan, adjunk-dekaan, 9 professore, 13 mede-professo=re, 4 bibliotekarisse en 14 administratiewe personeellede (University of Alberta, 1982:27).

4.2.2.3 Die finansiering van die *Faculty of Extension*

Gedurende 1982 het die universiteit 36 persent of $1.900,700 van die totale koste van die *Faculty* vir die jaar gedra, en $250,000 is van die sentrale en plaaslike owerhede spesifiek vir opleiding vir die plaaslike owerheidswese ontvang. Voorts word ook aansienlike borgskappe vir voort=gesette onderwysaanbiedings ontvang (University of Alberta, 1982:1).

4.2.2.2.4 Toelatingsvereistes vir voortgesette onderwys en eksaminering van kursusse

Spesifieke toelatingsvereistes geld slegs vir voortgesette onderwyskursusse vir professiebeoefenaars.

Op enkele uitsonderings na word geen eksamens in voortgesette onderwyskursusse afgelê nie (University of Alberta, 1982:2).

4.2.2.2.5 Voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse

Volgens die 1982-jaarverslag (University of Alberta, 1982:1-2) is 1032 kursusse gedurende die jaar deur 34 093 kursusgangers bygewoon. Dié kursusse kan in 13 hoofgroepe verdeel word, naamlik:

* Landbou

  Die kursusse in hierdie hoofgroep is hoofsaaklik indiensopleiding, verdere opleiding, opleiding vir professiebeoefenaars en algemeenvormende kursusse.

  Verskeie kursusse word in samewerking met nasionale landbouorganisasies aangebied, byvoorbeeld:

  - *Landboubestuur en -bemarking,* en
  - *Landbou-ekonomie.*

  Voorbeelde van algemene (vryetydsaktiwiteite) kursusse:

  - *Tuinuitleg;*
  - *Kweekhuisbeplanning,* en
  - *Plaagbeheer* (University of Alberta, 1982:44).

* Opleiding in volwasse onderwys

  Gedurende 1982 is 17 kursusse aangebied en word die volgende ter illustrasie vermeld:

  - *Afstandsonderrig;*
  - *Die volwasse leerder;*
  - *Bepaling van leerbehoeftes;*
  - *Kursusbeplanning,* en
  - *Die waarde van voortgesette volwasse onderwys* (University of Alberta, 1982:3 en 44).

* Handel en professioneel

Die meeste kursusse is beroepsgerig en sluit sertifikaatkursusse in, byvoorbeeld:

- *Bestuursontwikkeling;*
- *Personeeladministrasie;*
- *Beroepsveiligheid;*
- *Streeksontwikkeling;*
- *Rekeningkundige kursusse,* en
- *Sakebestuur* (88 kort kursusse en seminare is oor 'n wye spek= trum van onderwerpe aangebied).

In hierdie hoofgroep is ook verskeie kursusse vir die plaaslike owerheidswese aangebied (University of Alberta, 1982:5).

* Verpleegkunde

Gedurende die 1982-verslagjaar is 17 kursusse deur 584 kursus= gangers bygewoon (University of Alberta, 1982:6).

* Die eiendomsbedryf

Opleiding word voorsien vir die aflegging van die eksamen van die *Real Estate Certificate,* wat vir alle praktiserende eiendoms= makelaars verpligtend is.

Voorts is gedurende 1982 'n aantal kort kursusse deur 455 kursus= gangers bygewoon, byvoorbeeld:

- *Geboubeplanning;*
- *Geboubestuur,* en
- *Eiendomsbelegging.*

Voortgesette onderwysgeleenthede word ook vir die Waardasie-insti= tuut van Kanada voorsien (University of Alberta, 1982:67).

* Ingenieurswese

Gedurende 1982 is 37 spesiale indiensopleidings- en opknappings= kursusse deur 854 praktiserende ingenieurs bygewoon (University of Alberta, 1982:7).

Die verslag vermeld voorts (University of Alberta, 1982:8) dat 'n kursus oor twee weke in "Lugfoto-interpretasie" gedurende 1982 vir die twintigste agtereenvolgende jaar aangebied is en deur 61 kursusgangers bygewoon is. Dié feit beklemtoon die aktualiteit van die tema en die gehalte van die kursus.

* Publieke administrasie

'n Aansienlike finansiële toekenning is gedurende 1982 van owerheidsweë vir opleiding in plaaslike owerheidswese ontvang (kyk paragraaf 4.2.2.3).

Die kursusprogram vir plaaslike owerheidswese (25 kursusse) is die omvangrykste van dié soort in Kanada (University of Alberta, 1982:8).

* Toegepaste gedragswetenskappe

In hierdie verband is gedurende 1982 81 kursusse en seminare deur 1300 kursusgangers bygewoon. Voorbeelde van sodanige kursusse (professioneel en algemeenvormend is die volgende:

- *Interpersoonlike vaardighede;*
- *Spanning;*
- *Selfevaluasie;*
- *Energiebenutting;*
- *Kommunikasievaardighede;*
- *Oorwin skuheid;*
- *Huweliksverryking,* en
- *Huwelik en gesin* (University of Alberta, 1982:9).

* Algemeen-wetenswaardighede

Gedurende elke akademiese jaar word 'n wye verskeidenheid algemene kursusse op 'n deurlopende basis aangebied, byvoorbeeld:

- *Binnenshuisversiering;*
- *Musiekwaardering;*
- *Fiksheid - 'n leefwyse,* en
- *Taalkursusse* (University of Alberta, 1982:10).

* Biblioteekwese

Voortgesette onderwysgeleenthede vir bibliotekarisse word jaarliks in die programme ingesluit, byvoorbeeld *Skoolbiblioteekorganisasie* (University of Alberta, 1982:11).

* Engels as tweede taal

Gedurende 1982 is 90 kursusse deur 1537 kursusgangers bygewoon (University of Alberta, 1982:11).

Hierbenewens is 6 spesiale kursusse in Engels as tweede taal vir onderwysers aangebied en deur 115 kursusgangers bygewoon (University of Alberta, 1982:11).

* Skone Kunste

Gedurende die verslagjaar is 154 vryetydsaktiwiteite, algemeenvormende en kultuurverrykende kursusse deur 1986 kursusgangers bygewoon. Voorbeelde van sodanige aktiwiteite is die volgende:

- *Kunsgeskiedenis;*
- *Keramiek;*
- *Skilderkuns,* en
- *Fotografie* (University of Alberta, 1982:12).

* Damesprogram

Die doel met dié nuwe program is om in die bepaalde voortgesette onderwysbehoeftes van die vrou te voorsien, en wel beroepsgerigte en algemene kursusse. Voorbeelde van sodanige kursusse is die volgende:

- *Die vrou en haar beroep;*
- *Finansiële bestuur.*

* Gemeenskapsontwikkeling

Verskeie konferensies oor *ekonomiese ontwikkeling, landbou-ontwikkeling en nywerheidsvestiging* is gedurende 1982 aangebied. Voorts is 'n *internasionale forum oor energie* deur 350 afgevaardigdes bygewoon (University of Alberta, 1982:14).

4.2.2.3 Queen's University

4.2.2.3.1 Inleidende oorsig

Hierdie universiteit is in Kingston in die Staat Ontario geleë. Die universiteit is in 1841 deur die Presbiteriaanse Kerk gestig, het aanvanklik as *Queen's College* bekend gestaan en huldig steeds 'n Christelike karakter (Queen's University, 1984:2).

In 1974 het die meeste fakulteite 'n aanvang gemaak met die voorsiening van voortgesette onderwys en het die *Donald Gordon Centre for Continuing Education* tot stand gekom. Die aktiwiteite van die *Centre* is egter meer op navorsing as op onderrig ingestel (Queen's University, 1984:2-3). Elke fakulteit bied afsonderlik voortgesette onderwyskursusse aan wat op die betrokke vakgebied, en derhalwe meestal op gegradueerdes gerig is. Die universiteit het nie 'n sentrale voortgesette onderwyseenheid wat die volle spektrum, dit wil sê professionele en algemeenvormende kursusse dek nie (Queen's University, 1984:4).

Ter illustrasie van voortgesette onderwys aan dié universiteit word vervolgens na die voortgesette onderwysprogramme van die fakulteit Opvoedkunde verwys.

4.2.2.3.2 Voortgesette onderwys in die fakulteit Opvoedkunde

Voortgesette onderwys word deur die *Office of Continuing Education* van die fakulteit Opvoedkunde gereël en kan in drie fasette onderskei word, naamlik:

* *Termynkursusse vir onderwysers in alle skoolvakke, byvoorbeeld Biologie, Chemie, Wiskunde en Geskiedenis.* Na aflegging van 'n eksamen kan die *"Honour Specialist Qualification"* verwerf word (Queen's University, 1984:57).
* *Indiensopleiding vir kollegedosente, instrukteurs en opleiers in die handel en nywerheid.* Voorbeelde van sodanige voortgesette opleidingskursusse is die volgende:

Voorligting, ontwerpkuns, taalkursusse, Psigologie, verbruikers=wese en reklamewese. Eksaminering is in hierdie geval opsioneel (Queen's University, 1984:57).

* *Skakelkursusse* in die vorm van konferensies om die fakulteit Op=voedkunde aan die ander fakulteite en ook aan die gemeenskap be=kend te stel (Queen's University, 1984:60).

4.2.3.4 Samevatting

Reeds in 1920 het die University of Toronto aan die taak van die universi=teit ten opsigte van voortgesette buite-kurrikulêre onderrig aandag begin gee, naamlik om benewens die formele universiteitsopleiding aan ingeskre=we studente ook die bronne van kennis van die universiteit aan die gemeen=skap beskikbaar te stel. Benewens 'n omvattende verskeidenheid van indiens=opleidings- en opknappingskursusse en algemeenvormende kursusse wat onder meer by wyse van korter en langer residensiële kursusse, seminare, konfe=rensies en werkswinkels aan die universiteite aangebied word, word ver=skeie algemeenvormende kursusse ook deur middel van korrespondensie-onderrig aangebied.

4.2.3 Die VSA

4.2.3.1 Indiana University/Bloomington Campus

4.2.3.1.1 Inleidende oorsig

Die *Indiana University/Bloomington Campus Continuing Studies Program* hul=dig die standpunt dat die leergebeure deur die hele lewe van die mens heen duur en dat hoër onderwys derhalwe nie slegs tot die beskikking van die onvolwassene (*the young*) nie, maar ook tot die beskikking van die volwassene *(the mature citizen)* moet wees (Indiana University, 1982:1). Om hierdie rede is 'n reeks korttermyn nie-krediet-kursusse (kyk paragraaf 4.1) in medewerking met verskeie fakulteite en departemente van die Bloomington-kampus ontwikkel en word deur die *School of Continuing Educa=tion* aangebied. Deur middel van verlengde onderrig (*University exten=sion)* bied die *School* egter ook graadkursusse aan (kyk paragraaf 4.2.3.1.5).

4.2.3.1.2 Die doel met voortgesette onderwys

Hierdie kort kursusse het ten doel om aan volwassenes van die suidelike en sentrale Indiana die geleentheid tot kennisvermeerdering en persoon= likheidsontwikkeling te bied "... thereby adding greater dimension and quality to their lives" (Indiana University, 1982:1).

4.2.3.1.3 Toelatingsvereistes vir voortgesette onderwyskursusse

Die kursusse is vir alle volwassenes toeganklik en geen ouderdomsperk of opvoedkundige peil word gestel nie (Indiana University, 1982:2).

4.2.3.1.4 Die finansiering van die *School of Continuing Studies*

Die *School of Continuing Studies* is selfonderhoudend en word volledig deur kursusgelde gefinansier (Indiana University, 1982:2).

4.2.3.1.5 Voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse

Die kursusse kan binne die raamwerk van indiensopleidings- en algemeen= vormende kursusse in 8 hoofgroepe ingedeel word, naamlik:

* Aktualiteite van die huidige tyd (die temas word jaarliks hersien)
  - *Bevordering van kreatiwiteit by kinders* (die kursus word oor 'n naweek aangebied sodat ouers dit kan bywoon);
  - *Inleiding tot rekenaargebruik* (die kursusgrootte word tot 15 be= perk en die kursus word in ses sessies van twee uur elk aangebied);
  - *Die keuse van 'n persoonlike rekenaar* (die kursusgroep word beperk tot 20 lede en die kursusduur is ses sessies van twee uur elk);
  - *'n Openbare forum oor die katastrofe van 'n atoomoorlog* (die fo= rum strek oor vier Woensdagaande in twee-uur-sessies);
  - *'n Openbare forum oor konflikte in die Midde-Ooste en Amerikaanse belang daarby* (die forum strek oor vier Saterdagoggende)(Indiana University, 1982:2-4).

* Vryetydsaktiwiteite en fiksheid

Met dié kursusse word beoog om kursusgangers meer gesondheidsbewus te maak, en word die noodsaak en waarde van vryetydsaktiwiteite beklemtoon. Voorbeelde van kursusse in dié hoofgroep is die volgende:

- *Enkele programme oor voeding en gesondheid;*
- *Verskeie buitelugaktiwiteite;*
- *Die basiese vaardighede in verskeie sportsoorte;*
- *Buitelug-fotografie* (Indiana University, 1982:5-9).

Met hierdie kursusse word die konvensionele lesing, voordrag of klaskamersituasie deur spel, sport en ander buitemuurse aktiwiteite, afgewissel.

* Gedragswetenskappe en Skeppende Kunste

- *'n Oorsig oor die Amerikaanse geskiedenis* (die kursus strek oor ses Woensdagaande in een en 'n halfuursessies en word in die vorm van openbare lesings aangebied);
- *'n Beginnerskursus in Spaans* (die kursusduur is 8 sessies van twee uur elk);
- *Basiese beginsels van skilderkuns* (die kursusgroep word tot 15 beperk en die kursusduur is agt sessies van twee uur elk);
- *'n Opvoedkundige toer (op 'n Saterdag) na verskeie besienswaardighede en historiese gedenkwaardighede in Indiana en Kentucky.* By verskeie stilhoupunte word lesings aangebied en rolprente vertoon, byvoorbeeld by die Lincoln-monument en Lincoln-plaas. Volgens die bekendstellingstuk is dié "kursus" uiters gewild en moet die kursusgroep uiteraard beperk word (Indiana University, 1982: 13).

* Persoonlikheidsontwikkeling (kursuse vir die professiebeoefenaar)

- *Leesverbetering (Lees met groter begrip).* Die kursus word in vier sessies van twee uur elk aangebied;
- *Die vermindering of uitskakeling van selfvernietigende gedragsprobleme (Self-defeating behaviors)* (Indiana University, 1982:17). Voorbeelde van sodanige gedragspatrone is negativisme, minderwaardigheidskomplekse en onrealistiese verwagtinge. Die kursus word in die vorm van 'n werkswinkel aangebied en kursusgangers word gehelp om hierdie gedragspatrone in hulself te identifiseer

en uit te skakel. Die kursusduur is drie sessies van drie uur elk en die grootte van die kursusgroep word tot 15 beperk (India= na University, 1982:17).

- *Sekretariële kursusse* (indiensopleiding en voorbereiding vir ek= samen). Die kursusse is bedoel vir voornemende kandidate van die CPS-eksamen (*Certified Professional Secretary)* maar kan ook deur ander kursusgangers bygewoon word. Die intensiewe opleiding strek oor tien sessies van twee uur elk;
- *Spanning en spanningsbeheer:* met hierdie kursus word van die ver= onderstelling uitgegaan dat spanning 'n feit van die moderne same= lewing is en dat niemand daaraan kan ontkom nie (Indiana Univer= sity, 1982:22).

* Dameskursusse

So veel waarde word aan voortgesette onderwys vir die beroepsvrou geheg dat 'n afsonderlike "kantoor" daarvoor binne die *School of Continuing Studies* funksioneer. Voorbeelde van kursusse in dié verband is die volgende:

- *Loopbaanbeplanning en -ontwikkeling,* en
- *Finansiële en regsbeplanning vir dames* (Indiana University, 1982: 23).

* Gedesentraliseerde voortgesette onderwysaanbiedings

Voortgesette onderwysprogramme word ook in kleiner en verafgeleë gemeenskappe aangebied, en word die kennis en kundighede van die universiteit na die gemeenskap geneem. 'n Unieke eienskap van dié kursusse is dat die gemeenskap geleentheid gebied word om voorstelle oor bepaalde kursusse of programme, na gelang van plaas= like omstandighede en behoeftes, aan die universiteit voor te lê (Indiana University, 1982:26).

* Verlengde onderrig *(University extension)*

Die *School of Continuing Studies* bied graadkursusse aan vir diege= ne wat nie voltyds aan die universiteit kan studeer nie. Die on= derrig kan op verskeie wyses geskied, byvoorbeeld selfstudie, na= uurse klasse, korrespondensieonderrig en selfs onderrig deur die

televisie (Indiana University, 1982:27-28).

4.2.3.2 University of Maryland University College

4.2.3.2.1 Inleidende oorsig

Dié universiteit se *Conferences and Institutes Program* bied voortgeset= te onderwyskursusse op die basis van *Continuing Education Unit* aan *(CEU)*. Die *CEU* is 'n nasionaal-erkende metode van erkenning-van-deelname aan voortgesette onderwysprogramme, waarmee nie krediet (kyk paragraaf 4.1) verwerf kan word nie, maar wat voldoen aan vasgestelde kriteria vir "... increasing knowledge and competency ..." (University of Maryland University College, 1984:3).

'n *CEU* word soos volg omskryf: "The Continuing Education Unit is ten contact hours of participation in an organized continuing education expe= rience under responsible sponsorship, capable direction and qualified instruction" (University of Maryland University College, 1984:3; vergelyk ook Foothill College Community Services, 1983:6).

4.2.3.2.2 Die doel met voortgesette onderwyskursusse

Die kursusse is algemeenvormend en kultuurverrykend van aard, bied indiens= opleiding, heropleiding en opleiding vir loopbaanverwisseling (University of Maryland University College, 1984:3).

4.2.3.2.3 Die finansiering van voortgesette onderwyskursusse

Alle kursusse is selfonderhoudend. Kursusgelde word deur kursusgangers, of in die geval van indiensopleiding, deur werkgewers, betaal (University of Maryland University College, 1984:3).

Kursusgelde en reis- en verblyfkoste kan van inkomstebelasting van kursus= gangers verhaal word indien die kursus tot 'n beter kwalifikasie vir die kursusganger lei (University of Maryland University College, 1984:10).

4.2.3.2.4 Toelatingsvereistes vir voortgesette onderwyskursusse

Vir die meeste kursusse is formele akademiese opleiding nie noodwendig noodsaaklik nie. 'n Stelsel van *"open registration"* geld, met ander woor= de daar is geen diskriminasie van welke aard nie (University of Maryland University College, 1984:3).

4.2.3.2.5 "Kursusse op versoek"

Die handel en nywerheid, organisasies, staatsdepartemente en trouens enige ander sektor, kan versoeke om bepaalde kursusse voorlê. Die volgen= de is voorbeelde van sodanige kursusse:

- *Kursusse vir bankbestuurders;*
- *Kursusse oor personeelmotivering vir toesighouers;*
- *Openbare besteding,* en
- *Doelmatige administrasie.*

'n Volledige diens word met die aanbieding van die kursus gebied, dit wil sê beplanning, personeelvoorsiening, infrastruktuur en aanbieding (University of Maryland University College, 1984:4).

4.2.3.2.6 Voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse

Die kursusse kan binne die raamwerk van indiens- en verdere opleiding en algemeenvormende programme in 7 hoofgroepe ingedeel word, naamlik:

* Akademiese vaardighede
  - *Praktiese Engels:* 10 sessies van twee uur elk;
  - *Wiskunde-opknapping:* 12 sessies van een en 'n half uur elk;
  - *Leesverbetering*: 10 sessies van twee uur elk (University of Mary= land University College, 1984:3-4).
* Handel en bestuur
  - *Kontantbestuur:* Indiensopleiding vir tesouriers, kassiers, kontroleerders, rekenmeesters, kantoorbestuurders en ander per= sone wat kontant hanteer; die kursus word oor drie volle dae aangebied;

- *Kantoorbestuur: Outomatisering en rekenarisering:* die kursusduur wissel van 10 tot 15 sessies van twee uur elk (University of Maryland University College, 1984:4-5).

* Loopbaanbeplanning

- *Verskeie kursusse oor loopbaanverwisseling;*
- *Rekenaarkursusse vir die vrou;*
- *Verskeie kursusse oor die gebruik van die rekenaar* (University of Maryland University College, 1984:5). (Die rol van die rekenaar in die loopbaanbeplanning van die vrou word so belangrik geag dat afsonderlike voortgesette onderwyskursusse uitsluitlik vir die vrou aangebied word - JBE).

* Skone en toegepaste kunste

- *Kunsateljee: basiese skildertegnieke:* 10 teoretiese en praktiese sessies van twee uur elk;
- *Letterskilderkuns:* die kursus word as beginnerskursus sowel as indiensopleiding aangebied: 10 teoretiese en praktiese sessies van twee uur elk (University of Maryland University College, 1984: 7).

* Leierskapontwikkelingsprogram

- *'n Intensiewe vyfdaagse bestuursopleidingskursus* (University of Maryland University College, 1984:8).

* Persoonlike finansies (Algemeenvormende kursusse)

- *Beleggings op die aandelebeurs;*
- *Vertolking van finansiële verslae;*
- *Die vrou en haar finansies* (University of Maryland University College, 1984:9).

* Die Eiendomsbedryf

- *Lisensiaateksamen:* 'n Kursus om voornemende of praktiserende eiendomsmakelaars voor te berei vir aflegging van verpligte eksamens vir registrasie as gekwalifiseerde eiendomsmakelaar: die kursus strek oor 4 kursusdae;
- *Beleggingsmoontlikhede in die eiendomsmark:* 'n kursus in die vorm van openbare lesings;
- *Opleiding vir geboubestuurders;*
- *Belastingaspekte van die eiendomsbedryf* (University of Maryland

University College, 1984:9).

4.2.3.3 Harvard University

4.2.3.3.1 Inleidende oorsig

Voortgesette onderwys word aan dié universiteit deur die *Center for Life=long Learning* behartig wat in 1976 binne die fakulteit Kuns en Weten=skap tot stand gekom het om nie-kredietverwerwende buite-kurrikulêre kur=susse aan te bied.

Die *Center* moes in die groeiende behoefte aan voortgesette onderwys voorsien en stel die bronne en geriewe van die universiteit tot die be=skikking van persone wat nie vir die tradisionele universiteitstudie geregistreer is nie (Harvard University, 1983:i).

4.2.3.3.2 Die doel met voortgesette onderwyskursusse

Benewens loopbaangerigte, indiensopleidings- en algemene intellektueel-verrykende kursusse word ook kultuurverrykende kursusse aangebied (Har=vard University, 1983:1).

4.2.3.3.3 Die beheer en struktuur van die *Center for Lifelong Learning*

Die *Center* ressorteer onder die dekaan van die fakulteit Kuns en Weten=skap (kyk paragraaf 4.2.3.3.1).

Die kernpersoneel van die *Center* bestaan uit 'n direkteur (akademies) en drie administratiewe personeellede waarvan een 'n promosiebeampte is. Kur=susse word deur akademiese personeel van die universiteit en kundiges uit ander sektore aangebied (Harvard University, 1983:1).

4.2.3.3.4 Die finansiering van die *Center for Lifelong Learning*

Die *Center* word uit kursusgelde, betaalbaar deur kursusgangers, gefinan=sier.

Kursusgangers kan kursusgelde en reis- en verblyfkoste van persoonlike inkomstebelasting verhaal (Harvard University, 1983:i).

4.2.3.3.5 Toelatingsvereistes vir voortgesette onderwyskursusse

Daar bestaan geen diskriminasie op grond van ras, geloof, ouderdom, geslag of liggaamsgebrek nie (Harvard University, 1983:i)(Geen melding word gemaak van voorafkwalifikasies as toelatingsvereistes nie - JBE).

4.2.3.3.6 Voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse

Binne die raamwerk van indiensopleidings- en algemeenvormende kursusse, kan die aanbiedings van die *Center* in ses hoofgroepe ingedeel word, naamlik:

* Algemene en kulturele studies
  - *Egiptiese hiërogliewe: 'n inleiding:* 6 sessies van twee uur elk;
  - *Die argitektuur van Boston* (waar die universiteit geleë is): 6 sessies van twee uur elk;
  - *'n Inligtingskursus oor museums:* 7 sessies van twee uur elk;
  - *Praktiese taalkursusse; Sjinees, Frans en Spaans:* 8 sessies van twee uur elk;
  - *Kursusse in die skryfkuns:* 8 sessies van twee uur elk (Harvard University, 1983:3-10).
* Gesondheid en Gedragskodes
  - *Voeding: sleutel tot gesondheid*: 'n halfdagkursus;
  - *Ouderdom en kognitiewe veranderings:* 'n halfdagkursus;
  - *Die voorkoming van hartsiektes:* 'n halfdagkursus;
  - *Die verwerking van spanning:* 'n eendagkursus (Harvard University, 1983:11-12).
* Handel en loopbane
  - *Kreatiewe probleemoplossing en besluitneming:* 'n eendagkursus;
  - *Die onderhandelingsproses:* 'n eendagkursus;
  - *Rekenaarprogrammering en ander rekenaarkursusse: inleiding en gevorderd:* half- tot voldagkursusse;
  - *Bemarkingstegnieke:* 'n eendagkursus, en
  - *Kleinsakebestuur:* 'n twee-voldagkursus (Harvard University, 1983: 13-18).

* Finansiële kursusse
  - *Fondsinsamelingstegnieke vir die nie-winsgewende organisasie:* 'n eendagkursus;
  - *Bemarking van die nie-winsgewende organisasie:* 'n eendagkursus;
  - *Verskeie kursusse in finansiële beplanning:* 4 tot 6 sessies van 2 uur elk (Harvard University, 1983:18-23).

* Leer- en kommunikasievaardighede
  - *Die rekenaar in die onderwys:* 'n eendagkursus;
  - *Leesverbetering:* 10 sessies van 2 uur elk;
  - *Openbare redevoering:* 2 sessies van 6 uur elk;
  - *Openbare betrekkinge:* 6 sessies van 2 uur elk (Harvard University, 1983:23-27).

* Die kunste
  - *Fotografie:* verskeie eendagkursusse;
  - *Grafiese ontwerp:* 5 sessies van 2 uur elk;
  - *Video-opnames:* 4 sessies van 3 uur elk (Harvard University, 1983:27-33).

* Harvard Instituut vir Bejaardes

  Die Instituut funksioneer sedert 1977 as 'n belangrike onderdeel van die werksaamhede van die *Center for Lifelong Learning* en maak voorsiening vir bejaardes wat nog 'n behoefte aan voortgesette onderwys het. 'n Interessante metode word met die aanbieding van kursusse toegepas deurdat die kursusleiers op vrywillige basis uit die geledere van die kursusgangers aangewys word.

  Uiteraard het die kursusgangers ook toegang tot alle ander aktiwiteite van die *Center for Lifelong Learning* (Harvard University, 1983:34).

4.2.3.3.7 *"Harvard Summer School"*

Benewens die *Center for Lifelong Learning* funksioneer die *"Harvard Summer School"* as afsonderlike en selfstandige voortgesette onderwyseenheid. Die programme van die *"Summer School"* stem wesenlik ooreen met dié van die

Center for Lifelong Learning.

Die *"Harvard Summer School"* wat in 1871 gevestig is, is die oudste in= stelling van dié aard in die VSA en is 'n "... major educational institu= tion with an international reputation ..." (Harvard University, 1984:1).

Die *"skool"* word gedurende die Amerikaanse somermaande Junie tot Augus= tus aangebied en is gedurende 1983 deur 5031 kursusgangers bygewoon. Hiervan was 738 verteenwoordigend van 77 lande buite die VSA wat die "... international reputation ..." van die *"Summer School"* staaf (Harvard University, 1984:2).

Die programme word só omvattend saamgestel dat bykans alle behoeftes aan voortgesette onderwys daardeur bevredig kan word. Die basiese doel= stellings is loopbaanontwikkeling, indiensopleiding vir professiebeoefe= naars en algemeenvormende programme "... exploring new areas of inte= rest ..." (Harvard University, 1984:2).

Ofskoon die *"Harvard Summer School"* nie self grade of sertifikate toeken nie word die kursusse deur verskeie kolleges en universiteite as krediete (kyk paragraaf 4.1) vir graadstudie erken (Harvard University, 1984:2).

4.2.3.4 University of Vermont

4.2.3.4.1 Inleidende oorsig

Voortgesette onderwys ("Somerstudieprogram") word aan dié universiteit deur die *Division of Continuing Education* behartig.

Die universiteit is in Burlington, 'n stad met minder as 50 000 inwoners en met 'n "plattelandse atmosfeer", geleë. Die vestiging van industrieë in die stad gedurende die afgelope jare het egter 'n invloed op die stad se karakter gehad en het nuwe opvoedkundige en onderwysbehoeftes meege= bring (University of Vermont, 1982:1).

Die universiteit is nie 'n staatsuniversiteit in die ware sin van die woord nie en word deur privaat- en openbare sektore gefinansier (Univer= sity of Vermont, 1982:1).

Die stad Burlington word omring deur berge, woude en mere en is derhalwe in die somer, wanneer die "Somerstudieprogram" aangebied word, besonder gewild. "Summer at the University of Vermont is a learning experience, not just from the academics, but from the surroundings of which one be= comes a part" (University of Vermont, 1982:1).

4.2.3.4.2 Die doel met die "Somerstudieprogram"

Benewens die gangbare doel met voortgesette onderwys, naamlik indiensop= leiding en opknappingskursusse vir die professiebeoefenaar en algemeenvor= mende programme, word met die "Somerstudieprogram" ook 'n tweeledige diens aan universiteitstudente gelewer, naamlik:

* om aan studente, selfs van ander universiteite, die geleentheid te bied om gedurende die somervakansie ontbrekende graadvereistes te verwerf;
* om aan studente die geleentheid te bied om deur die bywoning van hierdie kursusse vinniger deur hul studieprogram te vorder, of om agterstallige studies by te bring (University of Vermont, 1982: 2).

Deur hiedie "diens aan studente" (-JBE) word die voortgesette onderwys= aktiwiteite aan die Universiteit van Vermont onderskei van voortgesette onderwysaktiwiteite van ander universiteite.

4.2.3.4.3 Finansiering van die *Division for Continuing Education* en voort= gesette onderwyskursusse

Die *Division* is selfonderhoudend en word uit kursusinkomste, skenkings en borgskappe gefinansier. Geen staatstoekenning word ontvang nie (kyk ook paragraaf 4.2.3.4.1).

Studente kan hulle klasgelde self vereffen, beurse bekom of banklenings aangaan (University of Vermont, 1982:1).

Kursusgelde kan van die persoonlike inkomstebelasting verhaal word mits aan die volgende vereistes voldoen word:

* die opleiding, kursus of kwalifikasieverbetering moet deur die werkgewer, of by wyse van wetgewing of regulasie, vereis word;
* die opleiding moet ten doel hê om die kennis en vaardighede van die kursusganger te verbeter.

Geen aftrekking vir belastingdoeleindes word toegelaat indien die kursusganger deur die voortgesette onderwyskursus vir 'n nuwe beroep opgelei word nie (University of Vermont, 1982:10).

4.2.3.4.4 Toelatingsvereistes en verwerwing van krediete

Alle graadstudente van hierdie universiteit, studente van ander universiteite, gegradueerdes, onderwysers, asook persone wat minder formele onderwys ontvang het (University of Vermont, 1982:1), het toegang tot die "Somerstudieprogram". Daar is dus bykans geen beperking nie.

Die "Somerstudieprogram" verskil van voortgesette onderwys aan ander universiteite deurdat alle kursusse kredietkursusse vir erkenning van studie aan hierdie en ander universiteite is (University of Vermont, 1982:10).

4.2.3.4.5 Voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse

Die kursusse kan binne die raamwerk van die doel daarmee (kyk paragraaf 4.2.3.4.2) volgens die aanbiedende fakulteit ("college") soos volg gegroepeer word (kyk paragraaf 4.1 vir 'n verklaring van "krediet-kursusse"):

* Landbou
  - *Landbou-ekonomie* ('n voorvereiste is dat die student 'n opgeleide landboukundige of 'n onderwyser aan 'n landbouskool moet wees): 'n vierdaagse kursus waarvoor 3 krediete verwerf kan word. (Hierdie kursus is dus indiensopleiding, opknapping of voorbereiding vir verdere studie)(University of Vermont, 1982:25).

* Wetenskap en Kunste
  - *Kommunikasiekunde:* 3 krediete kan vir graadstudie verwerf word;
  - *Ekonomie:* 3 kursusse;
  - *Filosofie* (toelatingsvereiste: een kursus in Filosofie): 3 krediete kan vir graadstudie verwerf word;
  - *Rekreasiebestuur* (toelatingsvereiste: formele vorige opleiding): 4 krediete kan verwerf word (University of Vermont, 1982:25-28).

* Opvoedkunde
  - *Kinderstadia en menslike ontwikkeling:* 'n kursus vir onderwysers of onderwysstudente): 3 krediete kan verwerf word;
  - *Musiekonderwys* (toelatingsvereiste: 'n graad in musiek); 'n byko= mende kwalifikasie kan met die kursus, wat voltyds oor 11 dae aangebied word, verwerf word (University of Vermont, 1982:28-29).

* Ingenieurswese, Wiskunde en Sakebestuur
  - *Finansiële bestuur:* 4 krediete kan vir graadstudie verwerf word;
  - *Handelsreg:* 3 krediete kan vir graadstudie verwerf word;
  - *Bemarking:* 3 krediete kan vir graadstudie verwerf word.
  - *Verskeie ingenieurskursusse.*

Hierdie kursusse word vir die professiebeoefenaar as indiensoplei= dingskursus of vir die student ter voorbereiding van verdere studie, of om agterstallige kennis by te bring, aangebied (University of Vermont, 1982:27-43).

* Medies

  Verskeie kursusse word vir mediese studente aangebied met die doel om agterstallige kennis by te bring of as voorbereiding vir nuwe of verdere studie te dien (University of Vermont, 1982:38-39).

* Natuurlike Hulpbronne
  - *Bosbou: Noord-Amerikaanse bome:* 3 krediete kan verwerf word;
  - *Ornitologie:* 'n kursus vir die opgeleide natuurbewaarder;
  - *Ekologie: 'n kursus vir die opgeleide ekoloog* (University of Vermont, 1982:36-44).

* Gedesentraliseerde voortgesette onderwyskursusse

Benewens bogemelde kursusse wat tydens die somermaande op die kampus van die universiteit aangebied word, word die volgende kursusse ook op ander sentrums aangebied:

- By Hardwich: *'n letterkundekursus vir opgeleide onderwysers;*
- By Newport: *'n kursus in Opvoedkundige Psigologie vir praktiserende onderwysers* (University of Vermont, 1982:47).

4.2.3.5 Samevatting

Dit blyk dat by die universiteite wat in oënskou geneem is sterk klem gelê word op die feit dat die universiteit se bronne van kennis deur middel van voortgesette onderwys tot die beskikking van diegene wat nie vir tradisionele universiteitsonderrig kan registreer nie, gestel moet word. Voortgesette onderwys het ten doel om deur kort kursusse aan volwassenes die geleentheid tot kennisvermeerdering en persoonlikheidsontwikkeling te bied, maar ook om deur middel van verlengde onderrig ("extension") graadkursusse aan te bied (byvoorbeeld die universiteit van Indiana).

Benewens die konvensionele kursusvorm, byvoorbeeld lesings, konferensies, seminare en werksgroepe word dikwels ook van spel en sport en toere na besienswaardighede gebruik gemaak in voortgesette onderwysaanbiedings.

Daar bestaan 'n hegte skakeling met die handel, nywerheid, verskillende organisasies en ook staatsdepartemente, en kursusse word dikwels op versoek van sodanige buite-instansie gereël (byvoorbeeld: University of Maryland University College).

Aspekte wat ook beklemtoon word is voortgesette onderwysgeleenthede vir opleiding om van loopbaan te kan verwissel en spesiale voortgesette onderwysprogramme vir bejaardes.

Benewens die deurlopende voortgesette onderwyskursusse word dikwels ook spesiale geleenthede oor 'n bepaalde termyn gereël, byvoorbeeld Lente-, Somer-, Winter- en Herfskole waartydens die klem op algemeenvormende kursusse val. Die besonder aangename somerklimaat en natuurskoon (by-

voorbeeld: University of Vermont) word dikwels as reklamemiddel by die bemarking van 'n Somerskool aangewend.

4.2.4 Engeland

4.2.4.1 Inleidende oorsig: die vestiging van voortgesette onderwys aan universiteite

Voortgesette onderwys aan universiteite in Engeland is aanvanklik "extra mural activities" genoem (Ellwood, 1976:111) omdat dit letterlik bedoel was om buite-muurs te wees "... the university going out to the people..." Die afgelope jare is 'n aanvang gemaak met voortgesette onderwysaktiwiteite, en op universiteitskampusse is selfs spesiale voortgesette onderwyssen= trums vir dié doel daargestel.

Die sentrums vir voortgesette onderwys geniet op administratiewe vlak meestal gelyke status met ander universiteitsdepartemente. Alhoewel die permanente personeel van die sentrum meestal tot 'n kernpersoneel beperk word, word van die kennis van die universiteit in geheel gebruik gemaak by die aanbieding van voortgesette onderwyskursusse (Ellwood, 1976:113).

Ten opsigte van die vestiging van voortgesette onderwyseenhede aan uni= versiteite in Engeland, vermeld Ellwood (1976:113) voorts dat die univer= siteit van Sussex met die daarstel van 'n *Centre for Continuing Education* aan die onderwysbehoeftes van die plaaslike gemeenskap voldoen het. Voorts berig Ellwood (1976:113-114) dat die universiteite van Sussex en Keele doelmatige geboue en lokale vir voortgesette onderwys op hulle kampusse het. Van die ouer universiteite, byvoorbeeld Manchester, London, Oxford, Bristol en Birmingham het aangrensende huise en ander geboue in voortgesette onderwyssentrums omskep. Die universiteit van Nottingham wat in die buitewyke van London geleë is, het 'n voortgesette onderwys= sentrum in die middestad (Ellwood, 1976:114).

4.2.4.2 Die doel met voortgesette onderwys

Die doel met voortgesette onderwys aan universiteite in Engeland kan soos volg saamgevat word:

* om algemene onderwys aan persone op graadvlak te voorsien;

(hierdie doelstelling kan problematies wees om streng na te kom want dit impliseer dat alle persone reeds oor 'n voorafkwalifikasie moet beskik - JBE);

* om die "reeds opgeleide weer op te lei" ("re-educate the educated");
* om aan die professiebeoefenaar op versoek indiensopleidingsgeleenthede te verskaf (Ellwood, 1976:153).

Dit kan gestel word dat alle universiteite in Engeland die noodsaak van voortgesette onderwys besef, maar dat hulle van mekaar kan verskil oor die praktiese toepassing daarvan. Hierdie verskil in standpunt kom meestal voor ten opsigte van die onderwysvoorsiening aan gespesialiseerde groepe en wel "... as to where university responsibility begins and ends" (Ellwood, 1976:153).

4.2.4.3 Die finansiering van voortgesette onderwys

Volgens Ellwood (1976:127) is dit so dat "... adult education in England appears well endowed." (Die begrip "adult education" word hier deur Ellwood as sinoniem vir voortgesette onderwys gebruik - JBE). Die rede vir hierdie ruim finansiële voorsiening is dat voorgesette onderwys aan universiteite vanuit twee bronne gefinansier word, naamlik 'n direkte toekenning van die departement van Onderwys en Wetenskap, en ook deel in die universiteitsfinansiering van die *University Grants Committee (UGC)*. Die toekenning van die Departement van Onderwys en Wetenskap is vir onderrigkoste, administrasie en verblyf en die oorblywende onderrigkoste word deur elke individuele universiteit uit sy staatstoekenning gedek. Verdere finansieringsbronne is kursusgelde van studente, plaaslike onderwysowerheidstoekennings en borgskappe (Ellwood, 1976:113-114).

4.2.4.4 Die struktuur (personeelvoorsiening) van voortgesette onderwyseenhede

In hierdie verband verwys Ellwood (1976:142) na 22 universiteite wat 'n direkteur met professorale status aan die hoof van die voortgesette onderwyssentrum het en 'n verdere 17 sentrums met direkteure (nie noodwen-

dig professorale status nie), departementshoofde, sekretarisse en 'n assis= tent-registrateur as hoofde van die sentrums. 'n Voorbeeld waarna Ellwood verwys (1976:113) is die voortgesette onderwyssentrum van die Universiteit van Lancaster wat 'n koördineerder aan die hoof van die sentrum het (verge= lyk ook: National Institute of Adult Education: Information, 1980:7).

4.2.4.5 Samevatting

Aanvanklik is voortgesette onderwys aan universiteite in Engeland as buite-muurse *(extra-mural)* aktiwiteite beskou omdat dit letterlik buite die universiteit aangebied is. Mettertyd het al meer universiteite egter voortgesette onderwyseenhede op hulle kampusse of in aangrensende geboue daargestel.

Meestal word in die voortgesette onderwyssentrums, 'n kernpersoneel gebruik, maar word ten opsigte van die aanbieding van voortgesette onderwyskursusse van die kennis van die universiteit in geheel gebruik gemaak.

Voortgesette onderwys aan universiteite in Engeland het hoofsaaklik ten doel om "die reeds opgeleide weer op te lei" en in vergelyking met ander lande word veel minder klem op algemeenvormende kursusse gelê.

4.2.5 Nederland

4.2.5.1 Universiteit Antwerpen

4.2.5.1.1 Inleidende oorsig

Die Universiteit Antwerpen is die omvattende naam van die drie Antwerpense universitêre instellings naamlik Rijksuniversitair Centrum te Antwerpen (RUCA), Universitaire Faculteiten Sint-Ignatius te Antwerpen (UFSIA) en Universitaire Instelling Antwerpen (UIA)(Universiteit Antwerpen, 1983: 9).

Die Universiteit Antwerpen het in wese so onlangs as 1971 eers deur wet= gewing tot stand gekom, wat meegebring het dat die drie universitêre instellings met die oog op onderlinge samewerking saamgegroepeer is.

Elke instelling funksioneer egter steeds afsonderlik en onder beheer van 'n eie rektor. Die Universiteit in geheel word beheer deur 'n gemeenskaplike "... *bureau Universiteit Antwerpen*" wat uit verteenwoordigers van elk van die drie beheerliggame van die drie instellings bestaan (Universiteit Antwerpen, 1983:10).

Die Universiteit is geleë in die hawestad Antwerpen wat aanvanklik 'n handelshawe was maar tans eerder 'n geïndustrialiseerde hawe is (Universiteit Antwerpen, 1983:7).

Voortgesette onderwys word aan die Universiteit Antwerpen nie deur 'n duidelik geïdentifiseerde en afsonderlike eenheid behartig nie, maar wel deur twee institute, naamlik die *Instituut voor Postuniversitair Onderwijs* en die *Instituut voor Didactiek en Andragogiek* (Universiteit Antwerpen, 1983:188).

4.2.5.1.2 *Instituut voor Postuniversitair Onderwijs* (IPO)

4.2.5.1.2.1 Die doel met voortgesette onderwys

Die belangrikste doelstelling van die *Instituut* is om aan gegradueerdes, met ander woorde professiebeoefenaars, die geleentheid tot persoonlike en professionele vorming te bied. Opleiding word in die ekonomiese, sosiale en bestuurskundige vakrigtings aangebied (Universiteit Antwerpen, 1983:188).

4.2.5.1.2.2 Struktuur van *IPO*

Die kernpersoneel van die Instituut bestaan uit 'n direkteur, 2 adjunkdirekteure, 2 doserende personeellede en 3 administratiewe personeellede (Universiteit Antwerpen, 1983:187).

4.2.5.1.2.3 Voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse

Gedurende die akademiese jaar word nagenoeg 50 vormingskursusse van verskillende lengte aangebied. Dié kursusse word nie volgens 'n vaste patroon dit wil sê voltyds, na-uurs of oor naweke aangebied nie (Universiteit Antwerpen, 1983:188).

Voorbeelde van kursusse ingedeel in hoofgroepe is die volgende (Universi=teit Antwerpen, 1983:188-189):

* Algemene ondernemingsbeleid
  - *Topbestuur;*
  - *Bedryfsekonomie;*
  - *Vervoerbeheer;*
  - *Basiese Ekonomie.*
* Mens en organisasie
  - *Kreatiwiteit;*
  - *Psigologie vir bestuurders;*
  - *Leierskap;*
  - *Personeelbeleid.*
* Finansiële beleid
  - *Finansiële bestuur;*
  - *Owerheidsfinansiering;*
  - *Waardebepaling van die onderneming.*
* Rekeningkunde
  - *Inleiding tot Rekeningkunde;*
  - *Interne oudit;*
  - *Finansiële kontrole.*
* Handelsbeleid
  - *Bemarkingsbestuur;*
  - *Markondersoek;*
  - *Verkoopsleiding.*

4.2.5.1.3 *Instituut voor Didactiek en Andragogiek* (IDEA)

4.2.5.1.3.1 Doel en funksie van die *Instituut*

Okskoon die *Instituut* deur een beheerliggaam beheer word (kyk paragraaf 4.2.5.1.1) funksioneer dit afsonderlik as *Centrum voor Didactiek* en *Centrum voor Andragogiek.*

* *Centrum voor Didactiek*

  Die *Centrum* bied *opknappingskursusse vir onderwysers* in die volgen=

de vakrigtings aan: Ekonomiese Wetenskappe, Nederlands, Geskiedenis, Frans, Engels, Duits, Spaans en Algemene Onderwyskunde (Universiteit Antwerpen, 1983:191).

* *Centrum voor Andragogiek*
  Die belangrikste doelstelling met opleiding is "... de eigenlijke volwassenevorming enerzijds ..." (Universiteit van Antwerpen, 1983:191) en kommunikatiewe vaardighede andersyds. In die besonder is die *Centrum* op "... recyclage van schooldirecties ..." en die vorming van jong skoolhoofde ingestel. Hierbenewens word ook 'n algemeen-vormende program vir onderwysers en "... huismeesters" aangebied (Universiteit van Antwerpen, 1983:191).

4.2.5.2 Samevatting

Voortgesette onderwys word aan die universiteit Antwerpen deur twee *Institute* naamlik die *Instituut voor Postuniversitair Onderwys* en die *Instituut voor Didactiek en Andragogiek,* aangebied. Die universiteit het nie 'n gesentraliseerde voortgesette onderwyseenheid nie.

Die belangrikste doelstelling met voortgesette onderwys deur die *Institute* aangebied is heropleiding en indiensopleiding vir 'n verskeidenheid professiebeoefenaars.

4.2.6 Professionele verenigings vir voortgesette onderwys

4.2.6.1 Oriëntering

In verskeie lande funksioneer verenigings vir universiteits- en ander voortgesette onderwys wat 'n aanduiding is van die omvang van voortgesette onderwys aan universiteite en ander inrigtings vir hoër onderwys in dié lande.

4.2.6.1.2 Die VSA

4.2.6.1.2.1 *Association for Continuing Higher Education (ACHE)*

Die organisasie is by die Universiteit van Tennessee, Knoxville gesetel en is 'n organisasie van inrigtings en individue wat by die inisiëring en aanbieding van, en die beywering vir onderwysgeleenthede vir volwassenes betrokke is.

Uit die 1982/83-gids van die vereniging blyk dat die volgende inrigtings by die vereniging geaffilieer is: (Association for Continuing Higher Education, 1983:1):

- 107 universiteite;
- 78 kolleges (tegniese, algemene en gemeenskapskolleges) wat oor voortgesette onderwyseenhede beskik;
- 8 ander instellings vir voortgesette onderwys (byvoorbeeld die Instituut vir Tegnologie van die lugvaartnywerheid).

Dit blyk voorts uit die gids dat daar 'n velerlei sinonieme begrippe vir voortgesette onderwys is, byvoorbeeld: *"Continuing Education"; "Evening Programmes"; "Summer Sessions"; "Community Education"; "Extended Education"; "Adult Education"; "Special Program"* en *"Alternative Programs"* (Association for Continuing Higher Education, 1983:2-38).

Die belangrikste werksaamhede van die ACHE kan soos volg saamgevat word:

* Die bevordering van voortgesette onderwys in die besonder en ook volwasse onderwys in die algemeen.
* Publiseer jaarliks 'n gids *("Directory")* met name, adresse en ander besonderhede van geaffilieerde lede.
* Publiseer 'n kwartaalblad, *"Continuing Higher Education"* met wenke, voorgestelde programme, nuusberigte van voortgesette onderwysaktiwiteite van lede.
* Hou 'n jaarlikse kongres om oor aktualiteite rondom voortgesette onderwys te besin.

* Voorsien en verkry borgskappe vir voortgesette onderwysprogram= me en navorsing (Association for Continuing Higher Education, 1983:41).

4.2.6.1.2.2 *National University Continuing Education Assocation (NUCEA)*

Dié vereniging is in Washington gesetel en is 'n vereniging waarby voort= gesette onderwyseenhede van universiteite en kolleges geaffilieer is - ofskoon die naam aandui dat dit 'n organisasie vir voortgesette onderwys deur universiteite voorsien, is (NUCEA, 1983:1).

In 1983 was bykans 120 universiteite en kolleges by *NUCEA* geaffilieer (NUCEA, 1983:1). Uit die ledelys blyk dat vele inrigtings by meer as een voortgesette onderwysvereniging geaffilieer is.

Die werksaamhede van *NUCEA* kan kortliks soos volg saamgevat word:

* Publiseer 'n maandelikse nuusbrief, *"NUCEA-Newsletter"* oor voort= gesette onderwysaktiwiteite van geaffilieerde inrigtings, mede= delings oor die werksaamhede van die vereniging, mededelings oor simposia, seminare, konferensies, boekbesprekings en vakatures vir personeel aan voortgesette onderwyssentra.
* Publiseer jaarliks 'n *"NUCEA Handbook and Directory"* met volledi= ge besonderhede van geaffilieerde inrigtings.
* Publiseer 'n kwartaalblad, *"CONTINUUM"* met inligting oor voortge= sette onderwysaktiwiteite, onderrighulpmiddels en wetenskaplike artikels.
* Onderhandel namens lede met sentrale en plaaslike owerhede oor onder meer finansiering en wetgewing in verband met volwasse on= derwys (NUCEA, 1983:1,3,5).

4.2.6.1.3 Australië

4.2.6.1.3.1 *Australian Association for Community Education (AACE)*

Lidmaatskap van die organisasie, wat sy hoofkantoor in Melbourne het, is beskikbaar aan individuele lede en inrigtings (byvoorbeeld universitei= te, kolleges en institute wat betrokke is by en belangstelling het in

gemeenskapsonderwys (AACE, 1982:1).

Die belangrikste doelstellings van die organisasie kan soos volg saamge= vat word (AACE, 1982:2);

* om gemeenskapsonderwys in al sy vorme (met insluiting van voort= gesette onderwys) in Australië uit te bou;
* om beleidsbepalings ten opsigte van die ontwikkeling van gemeen= skapsonderwys te inisieer;
* om sy lede in staat te stel om meer te wete te kom van gemeen= skapsonderwys as selfstandige wetensgebied;
* om te verseker dat alle aspekte in verband met die ontwikkeling van gemeenskapsonderwys die nodige aandag van alle betrokke in= stansies en owerhede geniet, en
* om met alle ander organisasies wat dieselfde doelstellings het saam te werk.

Die werksaamhede van die organisasie kan soos volg saamgevat word:

* reël gereelde byeenkomste vir lede, byvoorbeeld forums, konfe= rensies, seminare, nasionale en internasionale kongresse oor as= pekte van voortgesette onderwys;
* publiseer 'n maandelikse nuusbrief *"AACE-Newsletter"*;
* hou 'n bronnesentrum, toegerus met nasionale en internasionale materiaal, in stand (AACE, 1982:3).

4.2.6.1.4 Engeland

4.2.6.1.4.1 *National Institute of Adult Education (NIAE)*

Ofskoon voortgesette onderwys nie in die naam van die organisasie ver= meld word nie, word dit as 'n belangrike aspek van volwasse onderwys ge= ag (NIAE-Information, 1982:paragraaf 1.1).

Die *NIAE* is 'n nasionale sentrum vir samewerking, navraag, inligting en konsultasie oor voortgesette onderwys vir volwassenes (die begrip "volwassenes" word nie omskryf nie - JBE). Die sentrum word onder= steun en gefinansier deur instansies in Engeland en Wallis wat by vol= wasse onderwys betrokke is, byvoorbeeld plaaslike onderwysowerhede (LEA'S), universiteite, vrywilligerorganisasies en residensiële kolleges. Die sentrum ontvang voorts 'n staatstoekenning van die Departement van On= derwys en Wetenskap (NIAE-Information, 1982:1.1).

Die werksaamhede van die *NIAE* kan soos volg saamgevat word (NIAE-Infor= mation, 1982:2):

* Publiseer gereelde en spesiale handleidings, byvoorbeeld *"Adult Education"; "Teaching Adults"; "Year Book of Adult Education"; "Studies in Adult Education"*.
* Adviseer geaffilieerde inrigtings en individue oor kursus- en kongresbeplanning, bemarking van programme en oorsese studiege= leenthede.
* Skakel met soortgelyke oorsese organisasies, byvoorbeeld *The European Bureau of Adult Education* (Nederland) en die *Inter= national Council for Adult Education* (Kanada).
* Behartig die sekretariaat van die *Advisory Council for Adult and Continuing Education* (ACACE).
* Versamel inligting oor alle aspekte van volwasse onderwys (dus ook voortgesette onderwys, *"extended learning"* en ander variante begrippe) en hou 'n biblioteek met meer as 4 000 boeke in stand vir gebruik deur lede.

4.2.6.1.4.2 *The Advisory Council for Adult and Continuing Education (ACACE)*

Die *ACACE* het in 1977 tot stand gekom as uitvloeisel van die bekende Russell-onderwysverslag van 1973, waarin aanbeveel is dat 'n nasionale raad vir volwasse onderwys daargestel moet word (paragraaf 160.4, Russell-ver= slag: aangehaal in: ACACE, October, 1980:1). Die bedoeling met 'n nasio= nale raad was nie om hoër onderwysinrigtings hulle inisiatief in die ini= siëring en voorsiening van voortgesette onderwys te ontneem nie. Die be=

doeling was veel eerder die daarstelling van 'n koördinerende en advise= rende liggaam wat ook met finansiering 'n bydrae tot die ontwikkeling van voortgesette onderwys kon maak (ACACE, October, 1980:1).

Die ACACE het 'n tweevoudige opdrag, naamlik om in die algemeen ten op= sigte van die voorsiening van onderwys vir volwassenes adviserend op te tree, en wel in die besonder:

* om samewerking tussen die onderskeie instansies wat by voortge= sette onderwys betrokke is, te bewerkstellig ten einde groter ef= fektiwiteit van die onderwys te verseker;
* om toekomsbeleid en prioriteite te bepaal "... with full regard to the concept of education as a process continuing throughout life" (ACACE, October, 1980:2).

Die 22 lede van die *ACACE* word deur die Minister van Onderwys en Weten= skap aangestel en verteenwoordig onder meer volwasse onderwyssentrums, vrywilligerorganisasies, die openbare media, universiteite en die handel en nywerheid (ACACE, October, 1980:2).

Die *ACACE* ontvang 'n jaarlikse toekenning van die Departement van Onder= wys en Wetenskap en finansier navorsingsprojekte en personeelsalarisse hieruit (ACACE, October, 1980:2).

Die *ACACE* funksioneer deur verskeie sub-komitees wat verskillende aspekte van volwasse en voortgesette onderwys ondersoek en daaroor verslag doen (hier dien gelet te word op die onderskeiding tussen vol= wasse en voortgesette onderwys - JBE). Voorbeelde van sodanige onder= soeke is soos volg: "volwasse onderwys deur die radio"; "die plek van Wetenskap en Wiskunde in volwasse onderwys"; "volwasse onderwysvoorsie= ning vir etniese minderhede"; "die universiteit in die jare 1990 met spesifieke verwysing na die universiteit se taak om in die behoefte aan voortgesette en volwasse onderwys te voorsien" (ACACE, October, 1980:8).

4.2.7 TEN SLOTTE

Voortgesette onderwys in al sy variante vorms wissel van slegs geletterd= heidsprogramme deur die owerheid aangebied vir volwassenes in minder hoog ontwikkelde lande, tot 'n oorweldigende aantal studiegeleenthede aan univer= siteite voorsien vir enige professiebeoefenaar, of vir dié volwassene wat een of ander behoefte aan enige vorm van kennisvermeerdering of persoon= likheidsontwikkeling het, in hoogs ontwikkelde lande.

Deur middel van voortgesette onderwyskursusse oor 'n breë spektrum en in alle vorms, dit wil sê gesentraliseerde en gedesentraliseerde kursusse, korrespondensie-onderrig, die radio en televisie, oudio- en video-kasette, word daarin geslaag om aan bykans elke volwassene die geleentheid tot ver= dere onderwys te bied.

Dit kan met sekerheid gestel word dat die plek, taak en noodsaak van voort= gesette onderwysvoorsiening deur die universiteit, wyd aanvaar word, maar dat die praktiese toepassing daarvan deur universiteite aangebied, ver= skil. Dit is voorts ook 'n feit dat voortgesette onderwys - meestal deur universiteite as belangrike wyses tot gemeenskapsdiens aanvaar word.

Melding moet ook gemaak word van die feit dat voortgesette onderwys in die meeste lande ook as stimulus tot graad- of diplomastudie aan bykans enige universiteit kan dien deurdat op verskeie wyses erkenning verleen word vir die suksesvolle voltooiing van voortgesette onderwyskursusse (byvoorbeeld: kredietverwerwende kursusse). Verdere aangeleenthede wat vermeld dien te word en wat waarskynlik navolgenswaardig is, is onder meer die volgende: die aandag wat aan navorsing oor voortgesette onder= wys gegee word; gedesentraliseerde voortgesette onderwysaanbiedings be= newens die aanbiedings op die hoofkampus van die universiteit; finan= siële tegemoetkomings vir kursusgangers (byvoorbeeld: onderrigkoste is aftrekbaar vir persoonlike inkomstebelastingdoeleindes); die hegte ska= keling tussen die voortgesette onderwyseenheid en die handel en nywer= heid wat onder meer tot die aanbieding van kursusse op versoek van dié instansies lei, en ook finansiële voordele in die vorm van borgskappe

vir voortgesette onderwys kan inhou; die meer onkonvensionele metode van aanbieding van voortgesette onderwyskursusse (byvoorbeeld: spel en sport en besoeke, afgewissel met lesings, aan besienswaardighede en die aanwending van die natuurlike omgewing en klimaatsomstandighede as reklamemiddels by die bemarking en aanbieding van voortgesette onderwyskursusse.

Die voorsiening van voortgesette onderwys aan sommige Suid-Afrikaanse universiteite geniet in die hieropvolgende hoofstuk, aandag.